



Laspossie Kleuterskool BK

CK 93/25215/23



ADRES

Pivot Plate Str 907
Wapadrand, Pretoria

KONTAKNOMMERS

Skool: 083 783 1549
Corlia: 082 782 4008

Reëls en Regulasies

1. Inskrywingsfooi / Registrasiefooi

Die volgende moet u inskrywingsvorm vergesel:

Afskrif van:

- ❖ Ouers se identiteitsdokument
- ❖ Kleuter/baba se geboortesertifikaat
- ❖ Afskrif van kleuter/baba se inentingertifikaat

Inskrywingsfooi van R600.00 per kleuter.

'n Volledig voltooide aansoekvorm moet die inskrywingsfooi vergesel.

'n Registrasiefooi van R600.00 per kleuter sal jaarliks gehef word.

2. Kleuterskoolure

Maandae tot Vrydae:	Halfdag	06:45 – 14:00
	Voldag	06:45 – 17:30

Die skool is gesluit oor naweke en publieke vakansiedae. Laspossie sluit aan die einde van elke jaar om en by die 12de Desember en heropen weer om en by die 12de Januarie.

Elke jaar sal daar 2 skoolvakansiedae aan 'n langnaweek geneem word.

3. Afgee en ontvangs van kinders by die skool

Kinders sal nie voor 06:45 ontvang word nie.

Alle kleuters moet by aankoms in die sorg van 'n personeellid gelaat word. Indien 'n kind by die skool afgehaal word, moet die betrokke onderwyseres of enige ander personeellid op die terrein daaromtrent ingelig word. Moet asseblief nie u kleuter laat kom afhaal nie. Dit ontstel hom/haar wanneer hulle die enigste kinders nog by die skool is. 'n Fooi van R50.00 vir elke 15 minute laat sal van u verhaal word.

4. Etes by die kleuterskool

Kleuters ontvang alle etes:	Ontbyt	08:00 – 08:15
	Verversings	10:15 – 10:30
	Middagete	11:30 – 11:45
	Verversings	14:00, daarna elke uur 'n broodjie en sap



5. Eet- en speelgoed

- ❖ Geen lekkers en koekies is toelaatbaar nie.
- ❖ Speelgoed is ook verbode, tensy 'n onderwyseres 'n spesiale versoek in dié verband aan u rig.
- ❖ Stuur asseblief skoolspeelgoed wat tuis ontdek word, dadelik terug skool toe.

6. Kennisgewing

Die skool moet voor 08:30 in kennis gestel word van die volgende omstandighede:

- ❖ Enige omstandighede by die huis of die skool wat die kleuter se gedrag mag beïnvloed, bv. siekte.
- ❖ Indien die kleuter vir 'n dag/dae afwesig sal wees.

7. Skoolgelde 2027

Winnie-the-Pooh	R4 800.00	(4 – 5 jaar)
Jungle Book	R4 800.00	(3 – 4 jaar)
Mickey-klas	R4 800.00	(2 – 3 jaar)
Lady Bird (Peuters)	R4 800.00	(16 – 24 maande)
Beertjie-klas (Baba's)	R4 900.00	(3 – 15 maande)
Halfdagkleuters	R4 500.00	

'n Afslag van R600.00 per gesin met twee of meer kleuters.

Skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en moet voor of op die 7de van elke maand betaal word.

Geen afslag sal gegee word in die geval van siekte, vakansie of gedeeltes van 'n maand nie. Die volle fooi is dus vir Desembermaand ook betaalbaar.

Laspossie se rekeningbesonderhede:

FNB

Tjekrekeningnr.: 62188951208

Takkode: 250655

OF

FNB

Tjekrekeningnr.: 62379450093

Takkode: 250655

- ❖ Indien 'n kind se skoolfooie agterstallig raak, sal die volle bedrag dan uitstaande, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees, tesame met rente soos hieronder na verwys. Enige reëling wat die skool met 'n ouer mag tref ten aansien van die betaling van agterstallige skoolfooie in paaiement of andersins, **sal nie 'n afstanddoening** van die skool se regte om die agterstallige fooie by wyse van regsaksie in te vorder, daarstel nie. Indien die skool regsaksie teen 'n ouer/s moet instel vir die verhaling van agterstallige skoolfooie, sal die betrokke ouer/ouers ook aanspreeklik wees vir die koste van sodanige aksie op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.
- ❖ Die kleuterskool hou die reg voor om enige kleuter toegang te weier indien die skoolgelde nie betaal word nie.
- ❖ **Rente van 20% sal op alle laat inbetalings gehef word.**
- ❖ Een kalendermaand skriftelike kennis word vereis indien die kleuter die skool gaan verlaat, anders moet een volle maand se skoolgeld betaal word.
- ❖ Ouers mag nie kennis gee vir einde November van daardie betrokke jaar nie.

8. Aanspreeklikheid

Alle moontlike voorsorgmaatreëls word getref vir die veiligheid en welvaart van die kleuter.

Die skool en personeellede aanvaar geen verantwoordelikheid vir:

- ❖ Enige besering wat u kleuter op pad na of van die skool, of gedurende skoolure mag opdoen nie.
- ❖ Enige optrede van u kleuter, wat na skoolure op die skoolterrein is.

9. Wat die kleuter moet saambring

- ❖ 'n Duidelik gemerkte tas/sak
- ❖ 'n Stel klere (duidelik gemerk)
- ❖ 'n Klein komborsie (kleuters: slegs in die winter)
- ❖ 'n Bottel water (gemerk)

Benodighede vir baba's

- ❖ Wet wipes
- ❖ 'n Stel klere om in die middag aan te trek
- ❖ Boudjiesalf
- ❖ 6 Weggooibare doeke
- ❖ Bottels en bekertjies (melk en vrugtesap)

10. Klere

- ❖ Trek asseblief vir u kind klere aan waaroor hy/sy nie sal skuldig voel as hy/sy dit per ongeluk bemors nie.
- ❖ **Sorg dat alles duidelik gemerk is, asook die skoene en kouse.**
- ❖ Die personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore klere en ander persoonlike items nie.
- ❖ Alle verlore goedere sal by die skool bewaar word vir identifisering.

11. Opvoedkundige uitstappies

Word deur die jaar gereël. Kennisgewing oor die datum en kostes verbonde sal vroegtydig deurgegee word.

12. Buitemuurse aktiwiteite

Buitemuurse aktiwiteite soos krieket, rugby, gholf en dansklasse word by die skool aangebied. Kostes hieraan verbonde is nie by die skoolgelde ingesluit nie.

13. Medikasie en siektes

- ❖ Die personeel aanvaar geen aanspreeklikheid vir die toediening van medikasie nie, tensy die hoeveelheid medikasie duidelik gemerk is.
- ❖ Tyd van toediening moet in die medisynboek in die spesifieke klas ingeskryf word.
- ❖ Indien u kleuter/peuter by die skool siek word, sal u in kennis gestel word en moet die kleuter/peuter so gou moontlik afgehaal word.
- ❖ Siek kinders moet asseblief nie skool toe gestuur word nie.

14. Verjaarsdae

'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in elke kind se lewe. Daardie dag mag hulle verversings vir die hele klas bring; dit moet asseblief tot 3 items beperk word, bv. 'n koekie, lekker en skyfies. Op daardie dag draai alles om die verjaarsdagmaatjie. 'n Klaspartytjie word deur die onderwyseres gereël en dit is dus belangrik dat u nie u kind hierdie groot geleentheid laat misloop deur hom/haar tuis te hou nie. Asseblief geen springkastele nie.

15. Opskorting van skoolbywoning / probleme

Indien die skoolreëls nie nagekom word nie, kan u kind se plek in die skool in gedrang kom. U word vriendelik versoek om enige probleme, voorstelle of tekortkominge wat u ten opsigte van die skool het, met die hoof te bespreek.

16. Reëls

- ❖ Gehoorsaamheid/respek teenoor personeel.
- ❖ Beskadiging van skooleiendom sal nie toegelaat word nie.
- ❖ Geen vuil taal/gebare.
- ❖ Onnodige seermaak van maatjies.
- ❖ Boeliegedrag word in 'n baie ernstige lig gesien en sal glad nie toegelaat word nie.
- ❖ Ouers sal ingeroep word indien daar nie aan reëls voldoen word nie.
- ❖ Ouers sal op hoogte gehou word indien die kleuter se skoolastiese vordering nie na wense is nie.

17. Afsluiting

Elke jaar poog ons om 'n atletiekbyeenkoms te hou, asook konserte en 'n gradeplegtigheid, ken-mekaar-braai, ens. Mag daar deurgaans net positiewe samewerking van u verkry word en weet dat Laspossie se personeel hul uiterste bes gaan doen om u, sowel as u kind, gelukkig en tevrede te hou.

18. Siek kleuters

Hiermee wil ons julle graag vra om **asseblief siek kinders nie skool toe te stuur nie**. Gelukkig bly die meeste ouers by die reëls.

Ons moet die gesonde kinders in ag neem, asook hulle ouers. Kleuters en peuters wat deur ons aanbeveel word om **'n dokter te besoek of op antibiotika is**, mag slegs weer die skool bywoon indien u 'n **mediese sertifikaat van u dokter, wat u tydens die eerste besoek moet aanvra, vir ons gee as bewys dat u kind weer gereed is om skool toe te kom.**

Ons ondervind die probleem veral by ons jonger maatjies.

Indien ons nie samewerking kry nie, sal ons ongelukkig u kleuter die skool moet weier.

U samewerking in dié verband sal hoog op prys gestel word.

Corlia Snyman